

BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

D.J. KOTZÉ, *Communism and South Africa*. Tafelberg, 1979, 204 pp.

Aan die woord in hierdie boek is proef Kotzé, een van die grootste kenners van die kommunisme in die wêreld en spesifiek Suid-Afrika. Vir sy vorige studies oor die nasionalisme en die kommunisme, is die Stalsprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir wetenskap en kuns aan hom toegeken. Hy is die stigter van 'n instituut vir die bestudering van die kommunisme aan die Universiteit van Stellenbosch waarvan hy die eerste direkteur word. Sy materiaal het hy telkens in Europese biblioteke gaan opdiep.

Prof Kotzé is bewus van die stryd om die gees van die mens en besef dat die gemiddelde Suid-Afrikaner weinig van sy grootste vyand en bedreiger weet, die kommunisme, wat huidiglik wêreldwyd op lande in Afrika en Asië toeslaan. Die Tweede Wêreldoorlog het Rusland in staat gestel om sy mag en invloedseer te verbruim en in die lig van Amerikaanse swakheid sy ondermynende bedrywighede deur propaganda, die bewapening van swartmense in lande rondom Suid-Afrika, die gebruikmaking van Kubaanse hulptroepe, en invalle in ander lande, onafgebroke voort te sit. Sowjet-Rusland se doel is die verowering en oorheersing van die hele wêreld. Hy wil kapitalisme tot 'n val bring en vir die doel is die inpalming van Suid-Afrika óf deur 'n terroriste-oorlog óf die aanstoking van rewolusie 'n noodsaaklikheid. Die beheersing van die Kaapse seeroete en Suid-Afrika se minerale rykdom kan veel doen om die Weste ten onder te kry.

Prof Kotzé oordeel dat kennis van die kommunisme die beste wyse is om dit te bestry. Hy verduidelik wat kommunisme is, wanneer en hoe dit ontstaan, en watter rol dit in die wêreldpolitiek gespeel het. Dit is 'n ideologie waarin die beginsel *communis*, die Latyn vir 'gemeenskaplik', sentraal in 'n ekonomiese teorie geplaas word, d.i. die gemeenskaplike besit van produksiemiddele. Om dié doel te bereik het Karl Marx (1818–1883) die *proletariaat* of uitgebuite werkerstand opgeroep tot rewolusie — s.i. die motor van die geskiedenis — teen die *bourgeoisie*. Daardeur moet 'n klasselose samelewing, egter onder die diktatuur van die proletariaat, tot stand gebring word, wat nasionale en wêreldvrede sal waarborg. Die uitgangspunt is 'n utopie wat egter nog nêrens tot 'n vredesryk gelei het nie, want waar die kommunisme 'n vastrapplek kry, vind ons haat, onrus en oorlog.

Kotzé behandel die verskillende vorms van die kommunisme, sy verhouding tot die godsdiens, nasionalisme, oorlog en vrede. Hy gaan in op die konflik tussen die Sowjet-Unie en die Chinese Volksrepubliek en beantwoord dan die vraag watter mense hulle aangetrokke tot die kommunisme voel. Die kommunisme is 'n verlossingsleer teen armoede en onderhorigheid en dit is aantreklik in die sin dat dit aan mense wat sekere vorms van ellende ondervind, 'n verklaring vir hulle toestand en hoop op 'n beter toekoms bied. Hulle is die arbeidskrag of loonarbeiders wat deur die ekonomiese leer van die kommunisme aangetrek word, naamlik die nasionalisering van alle produksiemiddele soos grond, myne en fabriek wat dan gemeenskaplik besit word.

Die kommunisme vind 'n besondere teelaarde in Suid-Afrika omdat klas en ras in die arbeiderstand saamval. Deur volgehoue propaganda is Suid-Afrika geïsoleer, en deur 'n eienaardige kombinasie van die Marxisme en Christendom word hy veroordeel deur die wêreld, ook die Weste, om bv. aan terme soos uitbuiters, rassiste, kolonialiste, fasciste, imperialiste en rassistiese minderheidsregering te dink. Deur die gunstige beeld wat Rusland van homself by Swartmense geskep het, het hy daarin geslaag om in die swart en geel wêreld 'n slegte beeld van die Westerse wêreld te bou, ook van Suid-Afrika, wat deur die Westerse jeug wat Neo-Marxisties georiënteer is, aanvaar word. Die beste manier om kommunisme van sy poorte weg te hou, is om sodanige interne toestande te skep wat die Swart inwoners deur verbeterde lewenstoestande op die land self sal oriënteer.

Prof Kotzé behandel ook die opkoms van die kommunistiese beweging in Suid-Afrika. IN 1921 is die Kommunistiese Party gestig wat in 1950 verbied is, waarop dit ondergronds gegaan en agter die Swart bewegings soos die ANC stelling ingeneem het, vanwaaruit hy die land intern en ekstern bedreig. Die Kommunistiese Party het 'n groot bydrae gelewer om Suid-Afrika te isoleer en om boikotte en sanksies te bepleit. In die Verenigde Nasies skaar die kommunistiese lande hulle agter die Derde Wêreld. Hulle het die gekleurdes van Suid-Afrika tot "volk" geproklameer en staan vir 'n Swart meerderheids- of "volksregering", d.w.s. 'n veelrassige samelewing binne 'n eenheidstaat.

Die geskiedenis van die kommunistiese party in Suid-Afrika is een verhaal van ondermyning, die misbruikmaking van Swart nasionalisme, die bewapening van Swartmense en hulle opleiding tot "vryheidsvegters" of terroriste. Prof Kotzé se advies is derhalwe "ken jou vyand". Hy vertel ons waarom kommunisme onaanvaarbaar is en gee advies van hoe dit bestry kan word.

Sy boek behoort op die rak tuis van enige Suid-Afrikaner wat dit wel bedoel met die toekoms van sy land. Dit is in 'n eenvoudige leesbare taal en styl geskrywe wat enigeen wat meer wil weet van die Marxisme en kommunisme sal inlig.

J. du P. SCHOLTZ, *Moses Kottler, His Cape Years*. Tafelberg, Kaapstad, 1976, 136 pp., ill., R25,00.
 J. du P. SCHOLTZ, *Katrine Harries, Life and Work*. Tafelberg, Kaapstad, 1978, 128 pp., ill., R17,50.

Ná sy boek oor Strat Coldecott het prof. J. du P. Scholtz 'n studie gemaak van Boonzaaier en Pieter Wenning, wat deels gegrond was op die dagboek van D.C. Boonzaaier. Ook vir hierdie studie oor die vroegste jare van Moses Kottler is ruimskoots gebruik gemaak van daardie dagboeke. Net soos in die vorige boek gaan die skrywer ook hier weer baie dieper in op die onderwerp as wat net die dagboeke oplewer. Hy beskryf die jeug van Kottler in Luttoue en naderhand in Jerusalem. In 1912 het Kottler na Suid-Afrika gekom en vervolgens in München en Parys gestudeer. Van 1915 tot 1916 het hy in Oudtshoorn vertoef en was hy in die geleentheid om deur middel van die plattelandse lewe Suid-Afrika goed te leer ken. Van 1916 tot 1929 was hy in Kaapstad. Die skrywer skilder uitvoerig die agtergrond van die kunstlewe in die toenmalige Kaapstad: die S.A. Arts Society, die invloed van Roworth, kunstenaars soos Caldecott, Zerffi, Spilhaus, Prose en baie ander. En daar was D.G. Boonzaaier, wat sowel aanmoedigend as partymaal diktatoriaal opgetree het. Hy kon Kottler nie so regeer soos Wenning nie. Hy kon moeilik loskom van die akademiese tradisie, alhoewel hy self onbewus daarvan was dat hy Kottler nie altyd heeltemal kon volg nie. Hulle totaal uiteenlopende mening oor die werk van Irma Stern is 'n duidelik voorbeeld hiervan.

Daar is geen twyfel nie dat die skrywer die beste gebruik gemaak het van die dagboeke. Boonzaaier se belangstelling was egter wyd versprei en partymaal vermeld hy vir maande niks oor Kottler nie. Agteraf gesien is dit natuurlik jammer, maar dagboeke word nie in die eerste plek vir publikasie aangehou nie en ons kan dankbaar wees vir wat daar wel is. Prof. Scholtz analiseer wat Boonzaaier sê en trag om op grond hiervan na te gaan wat nou eintlik die werklike omstandighede was en wat in werklikheid gebeur het. Hierin slaag hy meesterlik en die portret van generaal de Wet is 'n tipiese voorbeeld hiervan. Behalwe die gegewens uit die dagboek het die skrywer landswyd besonderhede by mekaar gemaak en navorsing gedoen. Ook al hierdie gegewens is in die boek verwerk. Hy gaan noukeurig na wie die uitgebeelde persone in Kottler se portrette is. Daar is 'n uitvoerige katalogus beskikbaar van die vroeë werke van Kottler: skilderye, grafiese werk, beeldhouwerke en verlore of vernietigde werke. Uiteindelik het die heersugtige geartheid van Boonzaaier verkoeling veroorsaak in sy omgang met Kottler. As Kottler in 1929 vir drie jaar na Europa gaan, kom Boonzaaier hom nie afsien nie.

Die selfde grondige navorsing, aangevul met veelvuldige besonderhede, tref ons oornuut aan in prof. Scholtz se studie oor Katrine Harries. Sy was 'n bekende kunstenaar oor wie daar opmerklik min geskryf is. Sy is in 1914 in Berlyn gebore in 'n kunssinnige familie en sy het die kunsskool en akademie in Berlyn besoek. In 1939 het sy na Kaapstad gekom, waar sy met advertensiewerk begin het. Al spoedig het sy begin met illustrasies vir boeke en tydskrifte. Moontlik kon sy een van ons vooraanstaande portretskilders geword het, maar sy het haar meer en meer op grafiese werk toegelê. Vanaf 1950 was sy aan die Michaelis-Kunsskool in Kaapstad verbonde as dosent in grafiese kuns.

Dis veral haar boekillustrasies, boekomslae en illustrasies vir tydskrifte waarmee Katrine Harries bekendheid verwerf het. Die werk is veelal vol sagte humor. Bowendien was goeie illustreerders in ons land nie volop nie en as sodanig het Katrine Harries 'n standaard gestel. As gevolg van jarelange persoonlike bekendheid met die kunstenaar was prof. Scholtz uitstekend op hoogte van die lewe en werke van Katrine Harries en kon hy haar by sy navorsing vir hierdie werk ruimskoots raadpleeg. Van hierdie moontlikheid het hy uitstekende gebruik gemaak. Ook nou is weer baie navorsingswerk oral in die land verrig en gee die boek blyke van baie bykomende feite en besonderhede.

Tog is daar iets skraals in hierdie boek. Die oorsaak hiervan lê sekerlik nie by die skrywer nie en moet eerder aan die onderwerp toegeskryf word. Dit het nie in Katrine Harries se geartheid gelê om haarself op die voorgrond te druk nie. Ondanks 'n aantal uitstekende skilderye was haar werk in hoofsaak grafies en by die breë massa val dit nou maar minder op as kleurryke olieverwe. Prof. Scholtz erken bowendien self dat Katrine Harries se werk moontlik anders sou gelyk het as daar meer materiële druk was en die noodsaak om te werk om aan die kos te kom, dringender was. Te veel opdragte vir portrette sowel as illustrasies het moontlik te groot inbreuk gemaak op die tyd wat sy anders vir haar olieverwe sou nodig gehad het. Nogtans het ons met hierdie boek 'n uitstekende studie van die lewe en werk van een van ons vooraanstaande kunstenaars. Daar is 'n katalogus van prente en tekeninge en 'n indrukwekkende lys van boeke waarvoor sy die illustrasies gelever het.

Albei boeke is ryk geïllustreer. By Kottler het ons nagenoeg 'n volledige geïllustreerde oorsig van sy vroeë werk. Die aantal afbeeldings in die boek oor Katrine Harries is genoegsaam om ons 'n baie grondige insig in haar werk te gee.

Die krag van prof. Scholtz se boeke lê ook daarin, dat hy hom onthou van kunshistoriese betoë en teorieë. Hy bepaal hom by die feite en die gegewens wat hy tot 'n meesterlike eenheid omwerk. Laat ons hoop, dat prof. Scholtz sy navorsing op hierdie gebied sal voortsit.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

Maritieme geschiedenis der Nederlanden, in 4 delen; De Boer Maritiem, Bussum, 1976—79, prijs f.110 per deel.

Er was behoefte aan een nieuwe bijdetijdse maritieme geschiedenis der Nederlanden. De voorgaande geschiedenis op dit gebied was van J.C. Mollema. *Geschiedenis van Nederland ter zee*, 4 delen, Amsterdam 1939—42. Daarvoor gebruikte men grote werk van J.C. de Jonge, *Geschiedenis van het Nederlandsche zeezezen*, 6 delen, 's-Gravenhage-Amsterdam 1833—42; J.K.J. de Jonge heeft van dit werk een tweede en vermeerde druk in Haarlem in 1858—62 bezorgd. Deze twee voorgangers wijdde de meeste aandacht aan de oorlogsvloot en de oorlog ter zee.

Thans verheugen Nederlanders en Belgen zich over de verschijning van een nieuwe maritieme geschiedenis in 4 kloeke delen, een waar standaardwerk. Het beslaat een veel ruimer veld. Het behandelt ook de Belgische scheepsbouw en scheepvaart, welke in de twee voorgaande werken ontbraken. Het bespreekt uitvoerig de koopvaardij en visserij in al hun geleidingen, en de oorlogsvaart als een van vele onderwerpen, *niet* als hoofdonderwerp. Het geeft ook aandacht aan het leven van de zeeman aan boord en aan de wal. Over het laatstgenoemde onderwerp is voorheen weinig door vakhistorici gepubliceerd; zij lieten het meestal aan journalisten over.

Het is tegenwoordig gewoonte van uitgevers en redacties om der gelijke veelomvattende werken te laten schrijven door een groep specialisten. Dat heeft grote voordelen, want het terrein van wetenschap is thans te groot om door één geleerde te worden overzien, laat staan beheerst. Het heeft ook nadelen, namelijk ongelijke kwaliteit der bijdragen en het optreden van doublures en leemten in de uitgebreide behandelde stof. Zij komen ook in het hier besproken werk voor, ondanks de bekwame redactie. Er zijn meer leemten dan doublures. Ik mis bijvoorbeeld een bespreking van de moderne Nederlandse walvisvaart in 1946—64. Dit bedrijf is nog niet beschreven, terwijl andere naties reeds hun min of meer uitvoerige geschiedenis van hun moderne walvisvangst bezitten.

Een andere wezenstrek van hedendaagse grote geschiedwerken voor een talrijk publiek bestemd, is het ontbreken van noten; deze zijn vervangen door een uitvoerige beredeneerde literatuurlijst bij elk hoofdstuk. De vakhistoricus mist die noten voor zijn bronnenstudie, ook al is de beredeneerde literatuurlijst welkom.

Het is merkwaardig, dat het hier besproken werk verschijnt in een tijd van achteruitgang van Nederland als schepenbouwende en zeevarende natie. Dat proces verkleint blijkbaar niet de algemene belangstelling voor schepen en varen, blijkend uit de verschijning van vele publikaties daarover, zij het ook voor een groot deel uit het Engels vertaald. De uitgever van de *Maritieme geschiedenis* specialiseert zich op deze publikaties. De verklaring ligt vermoedelijk in de beschikbaarheid van veel vrije tijd, waardoor de watersport zeer is toegenomen, en in nostalgie naar het verleden, toen Nederland nog een scheepvaartland van betekenis was. Deze verklaring geldt vermoedelijk ook voor andere Westerse landen.

De afzonderlijke 4 delen bevatten elk hoofdstukken over de scheepsbouw, scheepstypen, havens, zeeverzekering, zeerecht, zeelieden aan boord en aan de wal, koopvaardij, visserij, oorlogsvaart en andere maritieme onderwerpen. Deel een omvat het tijdperk vanaf de prehistorische tot en met de 16de eeuw, deel 2 de 17de eeuw (ca. 1585—1680), deel 3 de 18de en eerste helft der 19de eeuw (ca. 1680—1850/70), deel 4 de tijd van 1850/70 tot het onlangse verleden. Ook België is behandeld, zodat het werk Grootnederlands mag heten.

De 4 kloeke, overvloedig en fraai verluchte delen vormen een schatkamer van kennis. De meeste bijdragen zijn onderhoudend en alle zijn vakkundig. Het werk is te omvangrijk om hier uitvoerig te bespreken en schrijvers en hun specifieke bijdragen te noemen. De uitgever had het werk voor vreemdelingen, die gewoonlijk geen Nederlands kennen, nog aantrekkelijker kunnen maken door korte samenvattingen in het Engels bij elk hoofdstuk en Engelse onderschriften bij de afbeeldingen toe te voegen.

Ik zou graag ook hoofdstukken over de belangrijke Nederlandse binnenvaart, de godsdienst en het bijgeloof van zeelieden en de scheepvaart in de spiegel der Nederlandse letterkunde en beeldende kunsten hebben gezien. In elk geval is het hier besproken standaardwerk een mooie aanwinst voor de Nederlandse historische literatuur.

C. DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

JAN TER HAAR, *Een wissel op de toekomst... en 't verleden en 't heden van Diest & Geerling & Raven, wisselmakelaars sinds 1857*. Koninklijke Drukkerij en Uitgeverij, Amsterdam, 1979, 94 pp.

De firma Diest & Geerling & Raven heeft een boekje uitgegeven met de aardig gevonden toepaslijke titel *Een wissel op de toekomst*, samengesteld door Jan ter Haar, wiens naam bescheiden op de laatste blad-

zijde wordt vermeld. De schrijver heeft een loffelijke poging gedaan om het zeer gespecialiseerde en abstracte bedrijf van deze firma aan het publiek te verduidelijken. Literatuur van die aard over deze bedrijfstak is in Nederland schaars. Daarom is dit boekje welkom.

Het beschrijft eerst in grote trekken de evolutie van de firma D & G & R sinds 1857, dat gemakshalve als stichtingsjaar is aangenomen. Het begint met enige opmerkingen over de geld- en kapitaalmarkt als onderdeel van de internationale stapelmarkt te Amsterdam en elders in de 16de tot 18de eeuw en de oprichting van De Nederlandsche Bank N.V. in 1814. Geleidelijk werd de handelswissel verdrongen door het bank-accept. Amsterdam werd tussen 1914 en 1930 internationale acceptmarkt en de wisselmakelaars D & G & R schakelden over van handelswissel op bankaccept en profiteerden. De Grote Depressie maakte een eind aan het acceptbedrijf in Amsterdam, rekeningcourant-bankkrediet verdrong de handelswissel en het bank-accept en D & G & R schakelden over op het "makelen" in Nederlands *schatkistpapier*, dat in de jaren '30 in grote bedragen door de Staat werd uitgegeven. Daarnaast namen zij deel aan de internationale valuta- en goudhandel.

Na Wereldoorlog II bemiddelen D & G & R ook in onderhandse leningen, welke toen grote opgang hebben gemaakt, in callgeld tussen inheemse en buitenlandse handelsbanken en sinds de jaren '60 in Eurodollars en andere valuta's. Dit is een opmerkelijke ontwikkeling.

Jan ter Haar geeft daarna een aardige reportage van het dagelijkse bedrijf in het huidige firmakantoor in het Havengebouw te Amsterdam, welk bedrijf hemelsbreed verschilt van de bedaarde zaken van de stichters.

Het hier besproken boekje bevat enige fouten van ondergeschikte betekenis. De Amsterdamse Wisselbank was niet de eerste centrale bank (p.8), zij was geen centrale bank en ook geen circulatiebank, zoals op p.12 terecht wordt medegedeeld. Assignaten (p.10) zijn geen aandelen maar staatsgeldbiljetten. De Nederlandsche Bank N.V. (p. 14) was in de 19de eeuw geen Staatsbank, maar een geotrooieerde particuliere instelling.

De schrijver besluit met een interessante toekomstblik op het bedrijf van D & G & R met zijn verder verfijnde communicatiemiddelen om de titel van zijn werkje waar te maken. Ik vind het een aardige toevoeging aan de degelijke Nederlandse vakliteratuur over het krediet- en bankwezen.

C. DE JONG

Universiteit van Suid-Afrika

MICHAEL IGNATIEFF; *A Just Measure of Pain. The penitentiary in the Industrial Revolution 1750—1850.* Macmillan, London and Basingstoke, 1978, notes, bibliography, index, illustrations, 257 + pp.

This remarkable book, which has received acclaim abroad, is the first of Macmillan's projected Critical Criminology Series to appear. Written by a trained historian, its subject is the evolution between 1750 and 1850 of the prison as the central instrument of social control at the state's disposal.

So universal is this institution and so complacent are most of us about it, that it comes as a surprise to learn that its place and function in society are of comparatively recent origin. Before 1750 incarceration formed but a relatively small part in the overall strategy of containing crime and for protecting and preserving the existing socio-political order. Much greater emphasis was placed upon the public and highly ritualised infliction of corporal and capital punishments, and upon transportation to the colonies. Such penal establishments as did exist may have been sordid and corruptly administered, but the customary rights of the prisoners, the tenuousness of the disciplinary system and the unwillingness or inability of the authorities so sever intercourse with the outside world, meant that they bore little resemblance to the total institutions of today. A century later all that had changed and the new Pentonville prison, built in 1842 — with its strictly enforced regimen of solitary confinement, uniforms, unceasing supervision and "improving" doses of hard labour and scripture — stood as the epitome of the new philosophy of punishment and control. Where before punishment had been physical, now it was emotional and mental. The traumatic and lonely rigours of prison discipline would, it was believed, induce introspection, mortification and repentance in the convict who would thus be instrumental in his own rehabilitation. The incidence of delusion, depression, derangement and suicide amongst inmates submitted to this regime soon led to its abandonment, in Britain at least, except, ironically, as a punitive measure against recalcitrant prisoners.

This book will be regarded as controversial by many. Firstly, it has a strong Marxian tinge, as the references and acknowledgements to scholars such as Eric Hobsbawm, E.P. Thompson and Raphael Samuel make plain. Its conceptual framework is that of class analysis and political economy. Indeed one of its main theses is that the underlying motive force behind prison reform was the anxiety and concern of its

predominantly bourgeois advocates about the transformation of class relations wrought by the Industrial Revolution. The reformers believed that a prisoner's eligibility to re-enter society was contingent upon his acceptance of prevalent norms and values. Hence, Ignatieff argues, penal reform was an attempt by a dominant class to colonise and recast the minds of the poor in its own self-image. However, his methodology is by no means simplistic for he realises that the reforming impulse was the product of a whole complex of forces; his analysis and exposition of the strong spiritual and philosophical factors, for example, is masterly.

Secondly, the author's stance on punishment and social control is radical and this book represents a powerful attack on the legitimacy and effectiveness of carceral power itself.

One may question the author's assumptions and conclusions, but this is a sophisticated, stimulating, compelling and even disturbing work. In addition to the questions it raises about the ethics of imprisonment, it also points to exciting and important new avenues for historical research in South Africa.

PETER COLENBRANDER
University of South Africa

Y. ATTEMA en anderen, *Uit Suriname's historie, Fragmenten uit een bewogen verleden* — From Suriname's history, Fragments from a stirring past; Suriname Aluminum Company (Suralco) Suriname; De Walburg Pers, Zutphen 1980; 192 pp, prys Ned.f.36.

De Suriname Aluminum Company, een dochtermaatschappij van de Aluminum Company of America, geeft sinds 12 jaar een tijdschrift, getiteld *Suralco Magazine* in het Nederlands en Engels uit. Dat is gewijd aan de aardrijkskunde, volkenkunde en geschiedenis van Suriname, vroeger Nederlands Guyana. Dit Zuidamerikaanse land was eerst een Britse kolonie in 1650—67, daarna een Nederlandse kolonie, sinds 1954 een Nederlands vrijgewest (Dominium) en sinds 1976 een republiek. Het kleine land met zijn kleine bevolking (thans 300 000 tot 400 000) heeft een veelbewogen geschiedenis, welke tot de best gedocumenteerde der Westindische gebieden behoort. Dat blijkt uit het hier besproken werk.

Het nadeel van de uitvoerige oude, rijk geïllustreerde literatuur, in het Frans en Engels over Suriname verschenen, is dat de negerslavernij in deze plantagekolonie een dieptepunt van menselijke ellende is genoemd, hoewel de toestand daar niet slechter was dan in de Franse, Britse en Deense kolonies in West-Indië, waarover veel minder gepubliceerd is.

Deskundige schrijvers hebben in *Suralco Magazine* bondige, fraai, verluchte artikelen in het Nederlands en Engels over een veelheid van onderwerpen gepubliceerd. De Suralco heeft het uitstekende denkbeeld gehad om een groot aantal artikelen te bundelen en weer uit te geven. De drukker van het tijdschrift, De Walburg Pers, heeft de bundel gedrukt. Het resultaat is het tweetalige werk *Uit Suriname's historie*. Het is prachtig verlucht met vele zwartwitte en gekleurde afbeelding. De prijs is matig, f.36.

Suriname is onder meer interessant omdat het een duidelijk Nederlands stempel in taal, bouwkunst en rechtspraak draagt, omdat Nederlandse beschaving hier is gecombineerd met een tropische, exotische samenleving. Alle rassen van de wereld, behalve Australische zwarten, zijn hier vertegenwoordigd. Het hier besproken werk is een boeiend stuk Nederlandse cultuurgeschiedenis overzee. Het bevat opstellen over de Amerindianen en Bosnegers, de Engelse kolonisatie 1650—67, de verovering door de Nederlanders, de uitbreiding der plantages, de moord op de krachtige gouverneur Cornelis van Aerssen van Sommelsdijk, Franse aanslagen op de kolonie in 1689 en 1712, de Jodensavanna als middelpunt der Joodse planters, de bijna 100-jarige sluipoorlog tussen de Nederlandse regering en de Bosnegers (nakomelingen van weggevoerde slaven), het fort Zeelandia, het papiergeld op speelkaarten gedrukt tijdens verbroken contact met Nederland 1795—1815, de goudwinning, de enige spoorlijn van het land, de architectuur van de hoofdstad Paramaribo (historisch een der mooiste steden van West-Indië), en het fraaie werk van de tekenaar Pierre Jacques Benoit over het Surinaamse volksleven (enkele jaren geleden in zwartwit herdrukt). De vele uitvoerige en degelijke landkaarten van Suriname tonen de voorsprong van dit gebied aan.

Ik heb drie onjuistheden gevonden. Het portret op p.42 stelt Francois van Aerssen en niet Cornelis van Aerssen van Sommelsdijk voor. Op p.17 staat het bekende, doch al lang gelogenstraft verhaal, dat de Bosnegerleider Boni van zijn meester de vrijheid werd beloofd, doch dat hij als slaaf werd verkocht. Ir. C. Lely werd niet vóór doch ná zijn gouverneurschap over Suriname hoofd der Zuiderzeewerken (p.163).

Ik ben verheugd over de verschijning van dit mooie boek over een land waar ik 3½ interessante jaren tussen vriendelijke mensen heb doorgebracht en dat nu de onzekere toekomst van een Zuidamerikaanse republiek, getypeerd door militaire staatsgrepen en onstabiel bestuur, tegemoet gaat.

C. DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

THELMA GUTSCHE: *There was a Man, the Life and Times of Sir Arnold Theiler, K.C.M.G., of Onderstepoort*, pp. X-488, ill. Kaapstad, Howard Timmins, Kaapstad, 1979, x + 488 pp., ill., R27,50.

Ons het daaraan gewoon geraak dat 'n boek deur dr. Gutsche berus op diepgaande navorsing en dat nie net die onderwerp self nie, maar ook die omstandighede en agtergrond uitvoerig beskryf word. Maar sy verstaan bowendien die kuns om haar boeke interessant en dikwels boeiend te skryf. Dit is 'n kombinasie van talent wat skaars is. Maar ondanks die hoë verwagtings is hierdie nuwe boek oor Theiler 'n verrassing.

Arnold Theiler se pad het nie oor rose gegaan nie. Hy is in Switserland gebore en is daar as veearts opgelei. In 1891 kom hy na Transvaal, waar hy in 'n ongeluk sy linkerhand verloor. Hy het egter nie moed verloor nie en onversetlike deursettingsvermoë, maar ook heelhartige ondersteuning van sy vrou Emma, het hom uiteindelik tot veeartseny-patoloog van wêreldbelang en bekendheid laat uitstyg. Sy ontdekkings het inderdaad nie net suid-Afrika nie, maar die hele wêreld laat baat.

By sy koms in Suid-Afrika was daar baie heersende siektes: perdesiekte, longsiekte, runderpes, lamsiekte, wat saam met die tsetsevlug die vervoer en ekonomie van die verskillende state nagenoeg tot stilstand gebring het. In 1896 het die boere magteloos gestaan teenoor die runderpes. Die vernietigende gevolge hiervan was onbeskryflik en volgens dr. Gutsche was die Tweede Vryheidsoorlog in wese in daardie jaar reeds verloor, vier jaar voordat dit uitbreek het.

Stap vir stap volg ons die voorgeskiedenis van die uiteindelige instelling van 'n staatsveearts in Kruger se republiek. Die ou president was vooruitsiende genoeg om die belang van moderne wetenskap te besef, maar dit was 'n nagenoeg onmoontlike taak om die Volksraad te oortuig. Daar was baie vertroue in kwakmiddele, terwyl die raadpleging van 'n veearts met wetenskaplike benadering as verspilling van goeie geld beskou is. Uiteindelik het Kruger sy sin gekry en Theiler moes in Oktober 1897 self sy toekomstige pligte as regeringsveearts formuleer. In hierdie opdrag het hy 'n instituut vir entstof laat opneem, en verder 'n plek waar navorsing verrig kon word, voorlopig veral in verband met perdesiekte en rooiwater. Die staatsveearts sou ook verantwoordelik wees vir die perde van die staatsartillerie. Die laboratorium, as dit so genoem kon word, is opgerig by Daspoort, net buitekant Pretoria.

In 1899 het Theiler die internasionale kongres vir veeartsenykunde in Baden-Baden, in Duitsland, bygewoon en die geleentheid gebruik om die Pasteur-Instituut in Frankryk te besoek. Hieruit blyk dat sy uitgangspunt toe reeds reg was. Hy het met die laaste trein uit Kaapstad na die noorde teruggekeer. Die oorlog het uitbreek en Theiler het sy lot met die Boere ingegooi. As perdedokter het hy die Natalse front besoek.

Die oorlog het verdere siektes en epidemies saamgebring. Ons verneem hoe Theiler in Natal in haglike omstandighede moes swoeg met 'n tekort aan kennis. Hy was nie die enigste nie. Die verowering van Bloemfontein en die val van Pretoria het ook aan die Britse leër se perde buitensporige eise gestel.

Die laboratorium by Daspoort het deur die oorlog tot stilstand gekom. Theiler is naderhand aangestel as bakterioloog en kon begin met ondersoek na die oorsake en genesing van siektes. Meer en meer het hy aandag gegee aan siekedraers. In Oktober 1902 is Daspoort weer in volle swang, maar word die nuwe kroonkolonie bedreig deur rooiwater. Ons lees oor die besoek van Chamberlain aan Suid-Afrika, die invloed van Milner op die landbou, oor Selborne en Smuts en hulle invloed op moontlikhede tot uitbreiding van Daspoort. In 1907 word Daspoort verskuif na Onderstepoort, 'n gesonder omgewing. Daar was 'n gedurige stryd tussen 'n tekort aan geld en die ekonomiese noodsaak van navorsing op die gebied van dieresiektes. Ons besef weer terdeë dat die Unie van Suid-Afrika, moontlik met uitsondering van die laaste paar jaar ná die Tweede Wêreldoorlog, eintlik 'n baie arm land was wat gesukkel het om vooruit te kom.

Onderstepoort het in die teken gestaan van noukeurige waarneming en verslaggewing tot in besonderhede, met diens aan die samelewing. Dr. Gutsche bespreek die verskillende assistente van Theiler en sy kollegas in die Kaap, Natal, die Vrystaat en oorsee. Sy betreur dit tereg dat 'n man soos Duncan Hutcheon of F.R. Smith nooit veel erkenning vir hulle baanbrekerswerk ontvang het nie.

Met behulp van die beesboere in Vryburg het Theiler ten slotte deur waarneming en eliminasië daarin geslaag om die oorsaak van lamsiekte was te stel. Dit was uiteindelik taamlik eenvoudig, maar vir sy slotsom was jare van studie en ervaring nodig. Die gevolge vir beesboerdery was geweldig en in meer as een distrik het 'n algemene oplewing plaasgevind. Hieruit blyk duidelik die belangrikheid van wetenskaplike navorsing van veeartseny vir die boerdery en ekonomiese ontwikkeling van die land in die algemeen.

Theiler het hom inmiddels ook bekwaam in plantkunde, hermintologie (wurmkunde) en bakteriologie. 'n Proefstasie op Armoedsvlakte was 'n sukses en het baie bygedra tot die kennis van veesiekteleer. Hy het land, volk en taal goed verstaan en een van sy prestasies was dat hy die boere oortuig het van die waarde van veeartseny, navorsing en behoorlike toepassing van geneesmiddelle. Onderstepoort het onder sy leiding gegroei tot 'n navorsingsinstituut van wêreldfaam. Behalwe dat dit jaarliks miljoene vir die land bespaar het, het dit ook volle aandag gegee aan opleiding van toekomstige veeartse en navorsers. Theiler het P.J. du Toit opgelei as sy opvolger en dit was 'n uitstekende keuse.

Theiler het baie rondgereis, internasionale kongresse bygewoon en baie eerbewyse ontvang. Sy vrou

Emma het hom ondersteun en was dikwels onder moeilike omstandighede reg om hom te help. Hulle oudste seun het dit nie ver gebring nie. Die twee dogters het daarenteen, elkeen op haar eie gebied, hul spore verdien. Die jongste seun, Max, het naderhand die Nobelprys vir navorsing op die gebied van geelkoors ontvang.

Hierdie boek is nie net die geskiedenis van Arnold Theiler en sy gesin nie. Daar word minstens soveel aandag geskenk aan navorsing deur ander. Gevolglik het dit gegroei tot 'n geskiedenis van veerartseny en navorsing in Suid-Afrika en die positiewe gevolge daarvan in die hele wêreld. Die lewensloop van die meeste kollegas en vriende word noukeurig gevolg en word vermeld wat uiteindelik van hulle geword het en waar en hoe hulle wetenskaplik gepresteer het. Deurdat Theiler veelvuldig met vooraanstaande regeringspersone in aanraking gekom het, het die boek ook buite die veerartseny om 'n belangrike historiese werk geword.

Daar is geen twyfel nie dat Thelma Gutsche haar feite tot in besonderhede nagegaan en getoets het. As een enkele voorbeeld mag genoem word hoe Theiler in 1923 in Amerika 'n lesing vir Rotary gehou het en terloops genoem het dat daar geen Rotary in Suid-Afrika is nie. Dit is 'n bykomstigheid, maar dr. Gutsche korreger onmiddellik en noem dat die eerste Rotary in Suid-Afrika twee jaar eerder, in 1921, tot stand gekom het.

Die boek laat ons ook weer besef dat in die menslike samelewing suksesvolle wetenskaplike navorsing en prestasies niemand vrywaar teen administratiewe rompslomp nie. Hantering van departementele regulasies was nie Theiler se sterkste punt nie en hy het nooit geleer hoe om toepassing daarvan te vergemaklik nie. Hierin was sy opvolger ongetwyfeld beter.

Uit hierdie boek blyk ook weer duidelik hoe uiters belangrik dit vir wetenskaplikes is om kontak te hou met kollegas elders en om gegewens te kan uitwissel. Tydskrifte is hierby een van die belangrikste middele. Die waarde van internasionale kongresse lê in die moontlikheid om mense by mekaar te bring en in die geleentheid te stel om persoonlik gedagtes te wissel. Tegelykertyd blyk ook die belangrikheid om wetenskaplikes, na hul aftreleeftyd, in die geleentheid te stel om van laboratorium- en ander praktiese geriewe gebruik te maak as hulle dit benodig. Wat dit betref het Theiler dit nie gemaklik gehad nie.

Die groeiende waardering vir hom blyk uit die lang lys van eerbewyse en toekennings en bowendien die feit dat die Unieregering na sy dood in 1936 'n standbeeld by Onderstepoort vir hom laat oprig het. Dit is gemaak deur dr. C. Steynberg. Ook die veeboere van Vryburg het 'n beeld vir hom laat oprig, 'n streek wat deur Theiler tot voorspoed gekom het.

Ek weet niks van veerartseny nie, maar desondanks het ek hierdie boek met geboeide belangstelling van die eerste tot die laaste woord gelees. Dit lees vlot, ondanks die geweldige hoeveelheid gegewens. Van die belangrikste persone wat in die boek ter sprake kom, is daar 'n afbeelding. Net die bymekaar bring van al hierdie portretfoto's moet reeds 'n langdurige en moeisame taak gewees het!

Daar is 'n bronnelys, 'n indeks en 'n verduideliking van wat die gebruikte argivalia omvat het. Hierdie boek is die geskiedenis van dr. Theiler, sy familie, vriende en kollegas, van Onderstepoort en van veerartsenykunde in Suidelike Afrika en die belangrike rol wat dit in die geskiedenis van die land en die hele wêreld gespeel het en nog altyd vervul. Nogtans is dit nie 'n boek net vir veerartse nie, daarvoor is die opset te breed en te uitvoerig. Vir elkeen wat belangstelling het vir geskiedenis en die gebeure in Suid-Afrika is dit 'n juweel, wat die geskiedenis van ons land vanuit 'n besondere hoek belig. Elke historikus behoort dit te lees, en die boek behoort in elke biblioteek en skoolbiblioteek beskikbaar te wees.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

LES SWITZER AND DONNA SWITZER, *The Black Press in South Africa and Lesotho* Boston, G.K. Hall, 1979, xix + 307 pp.

Les Switzer's book is to be welcomed. It fills perhaps the single most critical gap in South African historiography: the lack of an adequate bibliography for the Black (African) press. For the White press, we have at least Grey's *Union List of South African Newspapers* (Capetown, 1950), however inadequate and dated it may be.

A bibliography for the African press is particularly necessary since it is African newspapers which are particularly difficult to locate: there has never been a copyright library in South Africa responsible for Black literature, and therefore no single library has anything even remotely close to a comprehensive collection of Black newspapers. In this respect the work in question is particularly to be commended in that it lists the exact location(s) where each periodical can be found. The list of library holdings is extensive, including some 100 entries, mostly in South Africa but also in Lesotho and Zimbabwe. The choice of geographical scope is perhaps slightly arbitrary — why, in particular, was Lesotho but not Botswana or Swaziland included? But this is admittedly a minor point. At the end of the book, a bibliographical list of secondary sources dealing

with the Black press in question is most useful, as is the subject index which follows it. Very interesting is the introductory chapter on the history of the Black Press. One would hope that the author might in the not too distant future expand it into a monograph.

In short, this is an invaluable and timely book, particularly for specialists in South African history; these, in the last decade, have increasingly been turning their attention to source material dealing with Blacks.

Switzer's work also encompasses the Coloured and Indian press.

P.G. EIDELBERG
University of South Africa

PIETER W. DICKSON, *Kissinger and the meaning of history*, Cambridge Univ. Press, 1978, 197pp.

Peter Dickson, with his background as a political analyst who had contact with members of Henry Kissinger's policy planning staff, has attempted to achieve two things in this work. Firstly, to unravel the formative influences on the former U.S. Secretary of State's philosophical perspective on history, and secondly, to establish its connexion with his role in American foreign policy.

This is a unique study in that, unlike previous works on Kissinger, Dickson makes a detailed analysis of Kissinger's 400-page undergraduate thesis entitled 'The Meaning of History: Reflections on Spengler, Toynbee and Kant', and traces the extent to which the ideas expressed there profoundly influenced the Kissinger's subsequent life. Dickson argues, in fact, that these ideas formed the basis of his political philosophy in later years.

In his chapter 'The judgment of history', Dickson disputes the accepted beliefs about the antecedents and essence of Kissinger's world view. He challenges critics who identify Kissinger with Metternich whom, he claims, the American statesman rejected as 'an anachronism'. Referring to Kissinger's thesis, he also takes issue with scholars who see 'the shadow of Spengler hovering over Kissinger', by pointing to Kissinger's criticism of Spengler's reduction of human freedom and values to a predetermined natural process. The writer is at pains to prove, somewhat inconclusively, that to associate Kissinger with the fatalism of Spengler is misleading. He admits Kissinger's attraction to Toynbee's 'spiritual' interpretation of history, but declares that the Harvard student rejected the idea of a 'purposeful pattern' in empirical history.

Dickson then gives an exposition of Kissinger's debt to Immanuel Kant and attempts to trace the influence of the German philosopher on his political philosophy and world view. The chapter on 'Kant and Kissinger' is not convincing because Dickson over-emphasizes Kissinger's early preoccupation with Kantian ideas. Given the stongly held Kantian views of his Harvard professors, Friedrich and Elliott, and the Protestant background in which he studied, it is not surprising that the young Kissinger would become a disciple of Kant.

This is more especially the case in view of his isolation from the prevailing American intellectual concern with naturalism and pragmatism. However, Dickson does indicate the 'half-hearted quality' of Kissinger's Kantianism (p. 74) as expressed in the final section of his thesis. Moreover, Dickson suggests that Kissinger was trying to reconcile Kant's notion of moral freedom with his own historical outlook, which was affected by his ethno-cultural and religious background. The writer emphasizes Kissinger's acceptance of the Protestant-Idealist view of nineteenth century German philosophers, while at the same time exposing his quandary concerning the meaning of history. For he had witnessed the holocaust, which for him shattered the notion of the connexion between God and history. In other words, there is a tension between Kant's ethical concept of 'spiritual inwardness' and Kissinger's belief that 'God died at Auschwitz'. Dickson concludes that Kissinger's philosophy of history is 'a curious amalgamation of ethical relativism and antimaterialism'.

Of particular interest to historians is Peter Dickson's discussion of the 'doctrine of limits'. As Secretary of State, Kissinger espoused this 'doctrine of limits' — which can be seen in his attempts to de-escalate tension between the super-powers at the SALT talks — as also the idea of international 'equilibrium' — as reflected in his policy towards Israel and the Arab countries — both of which were closely interrelated. The foundations of both these aspects of foreign policy lie, Dickson argues, in his existentialist philosophy of history. He regards Kissinger as the first truly 'global statesman' and as part of his argument in this chapter analyses his handling of the arms race, his 'unique accomplishment' in bringing peace to the Middle East, his 'worst defeats' in Indo-China and Angola, his poor performance during the Cyprus crisis and his popularity among European leaders. He concludes that Kissinger's achievements outweigh his mistakes (p.115).

The writer does, however, become contradictory and confusing when he demonstrates Kissinger's notion of limits as having no roots in Kant's philosophy (p.97) and sees the American leader as a follower of Bismarck (p.100). Yet later, he declares that it is 'completely ludicrous to compare Bismarck with Kissinger'

(p.105). Then, on page 128 the writer decides that Kissinger's outlook is a combination of Bismarckian and Kantian ideas! Furthermore, despite Dickson's careful choice of speeches in which Kissinger continually refers to what he called 'imperatives' (survival, peace, freedom, justice), his foreign policy seems firmly modelled on that of Bismarck and *Realpolitik*, not least because he followed a policy of 'entente' rather than 'detente', as the author himself argues. In short, Dickson focuses too much on Kissinger's thesis and speeches — speeches made, it should be noted, before he entered office in 1969 — instead of on his conduct.

However, what Dickson *does* achieve in this interesting study is to show that Kissinger's view of history is extremely complex. But, he does not manage to unravel all the strands and one is left with a fairly confused picture of this controversial statesman. Adequate notes on each of the chapters and a full bibliography of published material on Kissinger are provided, and the sources on Kant are representative.

G.C. CUTHBERTSON
University of South Africa